**Judas Iskariot**

**Joh 13:18-32**

**28 September 2025**

1. Vantevore: Deur die voetwassing van Sy dissipels, het die Here Jesus geleer dat iemand in Sy bloed gewas moet wees om skoon te wees (regverdigmaking). As so iemand later weer sondig, hoef net sy voete gewas te word (sondebelydenis tydens heiligmaking). Maar die fisiese voetwassing was net simbolies – regverdigmaking wat volg op hartsverandering en geloof is wat werklik nodig is om skoon te wees van sondeskuld.
2. Hoekom was Judas Iskariot op daardie aand in die bovertrek? (Joh 13:18-20)
    a. Judas was deur die Here Jesus self uitgekies, en tog was hy 'n duiwel (Joh 6:70-71, 13:2), en tog was hy in die bovertrek
    b. Judas Iskariot was vervulling van Ps 41:10
        - Dawid beleef dag van onheil (Ps 41:2), maar vertrou op die Here (Ps 41:3-4)
        - Onheil was die gevolg van sy vyande en haters (Ps 41:6, 8) – en ook van sy vriend wat selfs sy brood geëet het (Ps 41:10) – soos Judas Iskariot
    c. Judas Iskariot was in bovertrek, sodat (v19):
        - Die Here Jesus Sy dissipels vooruit kon waarsku
        - Die dissipels kon glo Hy is "Ek is"
        - Die Here Jesus die dissipels kon leer hulle gaan uitgestuur word (v20, Joh 20:21)
3. Hoe het Judas Iskariot gereageer op sy aanwysing as die Here Jesus se verraaier? (Joh 13:21-30)
    a. Die Here Jesus sê: "Dit is een van julle" (v21-22) – maar die dissipels weet nie wie nie
    b. Petrus knik Johannes moet vir die Here Jesus vra (v23-25)
        - Johannes = dissipel vir wie die Here Jesus lief was: Johannes se selfbeskrywing wys op sy besef van sy onwaardigheid om liefgehê te word
    c. Die Here Jesus se antwoord: "Die een vir wie Hy brood gee" (v26)
        - Dui aan Hy het geweet wat Judas beplan
        - Hy gee laaste geleentheid aan Judas om hom te bekeer
    d. Judas het net die brood geneem, hom nie bekeer nie – die satan het in hom gevaar (v27, vgl Joh 3:16-19)
    e. Ander dissipels het nog nie verstaan nie (v28-29)
    f. Judas het uitgegaan – die nag in (v30, vgl Mat 22:13, Joh 3:19-20, Hand 1:25)
4. Wat was die gevolg van Judas Iskariot se aanwysing as verraaier? (Joh 13:31-32)
    a. Somber atmosfeer in bovertrek: die verraaier is uit om sy bose daad te verrig
    b. Jesus sê: "Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik"
        - Let op: "Nou"
        - Die verraad begin Sy verheerliking – lei tot veroordeling, kruisiging, sterwe, opstanding, hemelvaart = verheerliking
        - Verheerliking van die Seun en die Vader is in een gevleg
            - Hulle is een in wese en in daad
5. Toepassing
    a. Die Here het ons vooruit geleer wat ons in laaste dae kan verwag
    b. Ons moet nie moedeloos word a.g.v. somber wêreldgebeure nie
    c. Die Here is te midde daarvan besig om Sy koninkryk te groei